# HOËRSKOOL PORTERVILLE

**JAARVERSLAG 2022**

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com Hoërskool Porterville hsp_bulle

# JAARVERSLAG 2022

Ons streef daarna om 'n vooruitstrewende skool met 'n Christelike karakter te wees wat toekomsgerigte, relevante onderwys gee aan lewensblye, gedissiplineerde en betrokke kinders deur 'n doelgerigte en werktevrede onderwyskorps met die hulp van 'n betrokke gemeenskap.

- Vooruitstrewende skool
- Christelike karakter
- Toekomsgerigte, relevante onderwys
- Lewensblye, gedissiplineerde en betrokke kinders met visie
- Doelgerigte en werktevrede onderwyskorps
- Betrokke gemeenskap

1. INLEIDING:

Dit is 'n groot voorreg om hierdie verslag in die 152ste bestaansjaar van Hoërskool Porterville aan u voor te hou. 'n Jaarverslag kan nooit alles wat in die jaar gebeur het, saamvat nie - dit gee slegs 'n terugblik op enkele gebeure en prestasies van die afgelope jaar.

2. AANTAL LEERDERS:

| 1997 | 1998 | 1999 | 2000 | 2001 | 2002 | 2003 | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 502 | 550 | 540 | 543 | 533 | 519 | 517 | 514 | 526 | 544 | 519 | 514 |

| 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 518 | 521 | 507 | 498 | 502 | 498 | 484 | 485 | 506 | 532 | 527 | 506 |

| 2021 | 2022 |
|---|---|
| 523 | 528 |

Volgens die jaarlikse departementele opname van Maart 2022 was die leerders per klas soos volg:

graad 1 - 28
graad 2 - 41
graad 3 - 34
graad 4 - 42
graad 5 - 40
graad 6 - 37
graad 7 - 46
graad 8 - 49
graad 9 - 52
graad 10 - 53
graad 11 - 58
graad 12 - 48

**TOTAAL - 528**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontleding : | Laerskool | - | 268 |
| | Hoërskool | - | 260 |
| | Dogters | - | 244 |
| | Seuns | - | 284 |

3. PERSONEEL:

3.1 Onderrigpersoneel (Departementele & Beheerliggaamaanstellings)

| | |
|---|---|
| Mnr Cobus Louw | Skoolhoof |
| Me Marietjie Potgieter<br>(Adjunkhoof) | Wiskunde gr. 11-12 |
| Me Trieneke Theron<br>(Wnde H/S Departementshoof) | Fisiewe Wetenskap gr. 10-12<br>Wisk Gelet gr. 11-12 |
| Mnr Jean Steenkamp<br>(L/S Departementshoof) | NW +Teg gr. 4-6 en SW gr. 5 |
| Me Salomé Jordaan | Afrikaans gr. 7-9 |
| Me Beatrix Boonzaaier<br>(Beheerliggaam) | Gr. 1 |
| Me Elmarie Breytenbach | Wiskunde gr. 8-9 & 10<br>Wiskundige Geletterdheid gr. 12 |
| Me Ninien Breytenbach<br>(WKOD Kontrakpos + Fasehoof VOO) | Afrikaans gr. 10-12 |
| Me Ester de Jager (Fasehoof GF) | Graad 3 |
| Me Dané Kemp<br>(Beheerliggaam) | Engels gr. 4-6 Lewensvaardighede<br>gr. 4-6 Lewensvaardighede gr. 1-3 |
| Me Leslynne van Wyk<br>(Beheerliggaam) | Toerisme gr. 10-12<br>Wiskundige Geletterdheid gr.10-11 |
| Me Alfreda Hanekom | Gr. 1 |
| Me Laetitia Human<br>(Beheerliggaam) | Geografie gr. 10-12<br>Natuurwetenskappe gr. 8-9 |
| Me Demi-Ann van Zyl<br>(Beheerliggaam) | Engels gr. 10-12 |
| Me Madeleine Janse van Rensburg | Verbruikerstudie gr. 10-12<br>Besigheidstudies gr. 10-11 |

| | |
|---|---|
| Me Jeanne Kriel<br>(Fasehoof IF) | Afrikaans gr. 4-6<br>Afrikaans gr. 7B |
| Me Wilmarie Kriel<br>(WKOD Kontrakpos) | Wiskunde gr. 4-7 |
| Me Hanneli Malherbe<br>(Beheerliggaam) | Skeppende Kunste gr. 7-9<br>Lewensvaardighede gr. 4-6<br>Rekenaargeletterdheid gr. 3,4-6,7-8 |
| Mnr Barnie Marais | Ingenieursgrafika &<br>Ontwerp gr. 10-12<br>Landbou Tegnologie gr. 10-12 |
| Mev Lindie Naudé | Lewensoriëntering gr. 7-12<br>Sosiale Wetenskap gr. 7–9 |
| Mnr Heini Redelinghuys<br>(Beheerliggaam) | Sportorganisering |
| Me Hetta van der Merwe<br>(Beheerliggaam) | Graad 2 |
| Mnr Jacques van Reenen<br>(Fasehoof SF) | Lewenswetenskap gr. 10-12<br>Lewensoriëntering gr. 8<br>Natuurwetenskappe gr. 7<br>Lewensvaardighede gr. 3 |
| Chani de Vos | Afrikaans gr. 7-6 |

3.2 <u>Administratiewe Personeel:</u>

| | |
|---|---|
| Me Alet Kriel | Sekretaresse: Finansieel |
| Me Nadia Prins | Sekretaresse: Administratief |
| Me Elna Lombard | Sekretaresse: Administratief |

3.3 <u>Landbou personeel</u>

| | |
|---|---|
| Mnr Evert Kleynhaüs | Bestuurder |
| Mnr Calvin Robertson | Plaaswerker |
| Mnr Jan Sofat | Plaaswerker |

3.4 <u>Instandhoudingspersoneel</u>:

| | |
|---|---|
| Mnr Hendrik van Wyk | Skoolopsigter |
| Mnr Wandré de Beer | Nutsman (WKOD Kontrakpos) |
| Mnr Allen Swart | Algemene Assistent |
| Mnr Gideon Valentyn | Beheerliggaam |
| Mev Johanna Victor | Beheerliggaam |
| Me Jessie Carolus | Beheerliggaam |

3.5 Dankbetuigings:

Die sukses van Hoërskool Porterville hang in 'n baie groot mate af van die kwaliteit van onderrig in die klasse en die goeie samewerking van sy personeel. Die onderwysowerhede, ouers en leerders stel vandag geweldig hoë eise aan opvoeders sowel as aan die skool se ondersteuningspersoneel. Nogtans bly hulle positief en gefokus op hulle primêre taak en roeping. My opregte dank aan die personeel vir hulle lojaliteit, samewerking, werkywer, entoesiasme en professionaliteit. Dit word raakgesien en opreg waardeer.

Ons administratiewe personeel verdien spesiale vermelding. Hulle maak die werk van die opvoeders, en veral die skoolhoof, aansienlik makliker.

'n Woord van dank aan die instandhoudingspersoneel vir hulle waardevolle aandeel om die skoolgebou en –terrein netjies te hou.

3.6 Gelukwense:

Me Ninien Breytenbach wat verloof geraak het aan Kiffie Saayman op Saterdag, 8 Oktober 2022.

3.7 Ter nagedagtenis:

Dit is met groot hartseer dat ons moes afskeid neem van Raylan Theron (Graad 9). Hy was 'n beleefde seun met baie talent. Ons innige meegevoel gaan steeds saam met sy ouers, familie en vriende.

Personeel uit-

- Me Adriani Engelbrecht (Toerisme gr. 10-12, Wiskunde Geletterdheid gr. 10-11)
- Me Louise Nel (Afrikaans gr. 7-9)
- Me Soneen Wiese (Musiek)
- Taryn van Romburgh (Engels gr. 4-6 en Lewensoriëntering)

Personeel in-

- Me Salomé Jordaan (Engels gr. 7-9)
- Me Louise Nel (Afrikaans gr. 7-9)
- Me Shané van Antwerpen (SGOS + Leerondersteuning HS)
- Me Nadia Prins (Sekretaresse)
- Me Soneen Wiese (Musiek)
- Mnr Francois Möller (Bemarking)
- Me Jessie Carolus (Algemene Werker)
- Dané Kemp (Gr. 4-7 Engels)
- Mnr Wandré de Beer (Nutsman)

4. BEHEERLIGGAAM:

Lede wat tans op die Beheerliggaam dien

| | |
|---|---|
| Mnr Mac Hendrik Jordaan | Voorsitter |
| Mnr Jean Kotzé | Onder-voorsitter |
| Me Nicolette Carstens | Tesourier |
| Mnr Awie Kriel | Sekretaris |
| Mnr Koos Daniels | Lid |
| Me Chris Immelman | Lid |
| Me Talita Westraadt | Lid |
| Mnr Cobus Louw | Skoolhoof |
| Me Marietjie Potgieter | Adjunkhoof |
| Mnr Jean Steenkamp | L/S Departementshoof |
| Me Trieneke Theron | Wnde H/S Departementshoof |
| Mnr Heini Redelinghuys | nie-KS opvoeder |
| Christine Loubser | Leerderverteenwoordiger |
| Daniël Knoetzen | Leerderverteenwoordiger |

Mnr. Cobus Louw, die skoolhoof, is uit hoofde van sy amp ook lid van die beheerliggaam. Die beheerliggaam vergader minstens een keer per kwartaal vir algemene vergaderings.

Daar word ook gereelde vergaderings een maal per maand op Vrydagoggende voor skool gehou. Spoedeisende sake word tydens verskeie spesiale vergaderings gedurende die jaar bespreek. Van tyd tot tyd vergader spesifieke komitees op hul eie met kundiges waarna aanbevelings aan die beheerliggaam voorgelê word. Jaarliks word daar ook ‘n beplanningsvergadering gehou.

Daar bestaan goeie samewerking tussen die skool en die beheerliggaam. Die belangstelling van die lede in skoolsake, en veral hul deelname aan skoolaktiwiteite, word opreg waardeer.

5. VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS 2022

Die volgende leerders is verkies as leiers in die skool. Die nuutverkose VRL was vir ‘n leierskap-opleidingskamp by Tulbagh Base Adventure Kampterrein vanaf Vrydag, 16 September tot Sondag, 18 September 2022.

Die volgende leerders is gekies om op die Verteenwoordigende Raad van Leerders van die Hoërskool te dien:

HOëRSKOOL VRL

2022/2023

GRAAD 8
Jozua Jordaan
Jacques Möller
Zané Prins

GRAAD 9
Zabonique Andrews
Desnine Bekeur
Adolf Knoetzen
Lara Louw
Heinrich Redelinghuys

GRAAD 10
Amanda Carstens
De-Angelo Cloete
Mékayla Gordon
Macglasky Jordaan
Tyrone Mbula
Paula Viljoen

GRAAD 11
Llewellyn Fransman
Madrie Gouws
Gae-Lynn Jantjies
Amy-Jo Lothering
Brooklyn Sass

GRAAD 12
Marli Coetzee
Jodray Fredericks
Ronique Manasse
Tamryn-Leigh Neethling
Carli Perold
Kyle Steenkamp
David Stevens
Anri van der Merwe
Stefanie van der Merwe
Evan Zass

Hoofseun: David Stevens
Hoofdogter: Anri van der Merwe
Onder Hoofseun: Stefanie van der Merwe
Onder Hoofdogter: Kyle Steenkamp

LAERSKOOL VRL

| | | |
|---|---|---|
| Hoofseun | : | Braam Theron |
| Hoofdogter | : | Giselle Amsterdam |
| Prefekte | : | Ethan Witbooi, Hadlii Strauss |
| | : | Christi Kotzé, Néca Damon |

6. KOSHUIS: HUIS VAN RIEBEECK

Losiesgelde vir die jaar beloop R22 300 per leerder per jaar of R5575 per leerder per kwartaal (Januarie/April/Julie/Oktober) of R2230 per maand vir 10mnde (Januarie tot Oktober).

Die koshuiskomitee bestaan uit die volgende lede:

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr Awie Kriel |
| Onder-Voorsitter | : | Geen |
| Ander lede | : | Mnr Gielie Loubser |
| | : | Me Karin Knoetzen |
| | : | Me Wanda Kellerman |
| | : | Mnr Francois Möller |

Verteenwoordigers vanaf skool en koshuis:

| | | |
|---|---|---|
| Skoolhoof | : | Mnr Cobus Louw |
| Koshuissuperintendent | : | Mnr Jean Steenkamp |
| Huishoudingstoesighouers | : | Me Susan Steyn |
| | : | Me Ronel Olivier |
| Ander personeel | : | Me Louise George |
| | | Me Beatrice Bekeur |
| | | Me Joslin Sofat |
| | | Mnr Jacobus Vallentyn |

Huis van Riebeeck is dankbaar vir nog 'n jaar waar hul 'n pragtige versorgde huis kon bied vir die leerders. Daar was altyd kos op die tafel, 'n warm bed en liefde en omgee onder mekaar. Die koshuiskomitee het gereeld vergader en alle programme en projekte wat aangepak is, is afgehandel. Baie dankie aan die ouers wat so gereeld en getrou hul koshuisgeld betaal. Die koshuis is opreg dankbaar om 'n personeel te hê wat bereid is om die ekstra myl te loop. Uitdagings is daar vir seker, maar saam bestuur hul die kombuis, voorrade en koshuis op 'n gesonde basis.

Omdat daar deurlopend gemiddeld 80 leerders in die koshuis geakkommodeer is, kon ons van vier personeellede gebruik maak. Mnr. Paul Mouton, juf. Chani de Vos, juf. Lindie Naude en mnr Dewald van Deventer was die lede van die diensdoenende span. Vanjaar het die koshuis mooi hoogtepunte beleef.

Verskeie van ons leerders het uitgeblink op akademiese gebied, sowel as in verskillende sportsoorte. Hulle was staatmakers in hul onderskeie spanne asook in die skool. Ons koshuisprefekte het 'n baie suksesvolle "Movie Night" gehou asook die Winterbal wat die hoogtepunt van kwartaal 3 was.

Dankie aan almal wat 'n bydrae gelewer het om ons doelwitte te bereik. Dankie aan al ons ouers en vriende vir soveel skenkings aan die koshuis. Dank aan die diensdoenende personeel wat hul skitterend van hul taak kwyt. Dankie aan ons werkers in die kombuis en tuin asook ons kinders wat van Huis van Riebeeck die wonderlike plek maak wat dit is.  Maar laaste maar beslis eerste, dank aan 'n God wat Sy hand van beskerming en seën oor Huis van Riebeeck hou.

7. <u>FINANSIES</u>

Dit is met dankbaarheid dat ons te midde van moeilike finansiële omstandighede landwyd, steeds kan sê dat die skool se finansies redelik gesond is.

Die skoolfonds beloop R14 700 per jaar as volg betaalbaar:

R1700 in Januarie en R1300pm x 10 maande (Februarie tot November)

R1470pm x 10 maande (Januarie tot Oktober)

Die volgende inligting vir tydperk 1 Januarie tot 31 Augustus 2022

| | **2021** |
|---|---|
| Inkomste | R 4 166 040,01 |
| Lopende Uitgawes | R 3 472 796,17 |
| Kapitaaluitgawes | R 103 428,53 |
| Uitgawes begroot, maar nog nie aangegaan | R 3 511 971,67 |

Die vernaamste inkomstes bestaan uit die volgende hoofkomponente:

| | **2021** | |
|---|---|---|
| Netto Skoolfonds | R 3 662 820,40 | 87,9% |
| WKOD Inkomste | R 197 518,00 | 4,7% |
| Insamelings | R 99 924,82 | 2,4% |
| Ander | R 205 776,79 | 4,9% |
| TOTAAL | R 4 166 040,01 | |

Die vernaamste uitgawes bestaan uit die volgende hoofkomponente:

| | **2021** | |
|---|---|---|
| Leerondersteuning- en onderrigmateriaal (LOOM) | R 90 239,08 | 2,6% |
| Plaaslike Aankope | R 568 277,14 | 16,4% |
| Munisipale Dienste | R 165 655,18 | 4,8% |
| Dag-tot-dag Instandhouding | R 242 110,89 | 7,0% |
| Salarisse | R 2 031 164,70 | 58,5% |
| Ander Uitgawes | R 375 349,18 | 10,8% |
| TOTAAL | R 3 472 796,17 | |

Indien u meer volledige inligting verlang, is u welkom om die geouditeerde state vir die boekjaar wat eindig op 31 Desember 2022, volgende jaar by die skool te kom besigtig.

Ons opregte dank aan mev. Alet Kriel wat met groot sorg en deeglikheid alle administratiewe pligte rondom die finansies van die skool hanteer. Dankie ook aan Me Nicolette Carstens wat die res van die jaar 'n wakende oog oor die finansies gehou het. Die ouditeure Integrum word bedank vir die ouditering van ons state.

## 8. FONDSINSAMELINGS

### 8.1 Sportkafee

Ons was die jaar weer bevoorreg om by al die tuiswedstryde sportkafee te kon hou. Hierdie is 'n baie goeie inspuiting vir ons skool se finansies. Baie dankie aan elke ouer wat tyd afstaan om te help in die sportkafee. 'n Besonderse dank aan Me Marni Redelinghuys wat hoofkoördineerder van die sportkafee is. Dit word opreg waardeer.

### 8.2 Bulfees

Tydens die naweek van 11 Maart 2022 het ons weereens 'n baie suksesvolle bulfees aangebied! 17 Skole het deelgeneem met 'n totaal van 1300 Rugby- en Netbalspelers.

### 8.3 Manneaand

HSP se eerste manneaand is op 22 Julie 2022 gehou. Dit was 'n suksesvolle aand met goeie sprekers en 'n volsaal opkoms.

### 8.4 Nasionale Rally Kampioenskappe, 27 Augustus 2022

Tydens die naweek van 27 Augustus 2022 is die "WCOC Offroad" kampioenskappe gehou op Pietersklip (plaas) tussen Porterville en Eendekuil.

### 8.5 Gholfdag

'n Baie suksesvolle gholfdag is gehou op 10 September 2022.

### 8.6 Snoepie (kleinskooltjie / grondslagfase)

Daar word elke Vrydag snoepie gehou. Die fondse word weer terug geploeg in die Kleinskooltjie.

## 9. INDIENSOPLEIDING

Verskeie beplanningsvergaderings en klustervergaderings is gedurende die jaar gehou met die oog op kurrikulumbeplanning, assessering, leerarea-integrasie en die uitwerk en gebruik van nuwe kurrikuluminhoude.

Die kurrikulumkoördineerders het ook opleiding ontvang in die opstel van assesseringsbeleidstukke vir elke fase. Internepersoneelontwikkelingsvergaderings en beplanningsvergaderings word op 'n gereelde basis gehou.

10. KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

10.1 Senior Sertifikaateksamen 2021

Hoërskool Porterville is reeds daarvoor bekend dat sy matrieks elke jaar besonder goed presteer. Let op die volgende:

Daar was 56 Matriekkandidate.
Daar was 'n 98,21% slaagsyfer in 2021.
Daar was 'n 67,86% matrikulasie vrystelling gewees.
3 Matrieks behaal 'n A-gemiddeld.
Ons toppresteerder was Marle Janse van Rensburg met 89,43%.

Daar was 38 vakonderskeidings (A-simbole), 51 B-simbole en 87 C-simbole.
44,6% het 'n gemiddelde van 60% en op.
11 Vakke se vakgemiddelde het verbeter in die finale NSS-eksamen.

10.2 Slaagsyfer: alle leerders

Aan die einde van 2022 het die skool 'n slaagsyfer van 95,65% gehad.

10.3 Intermediêre fase (graad 4 - 6)

Aan die einde van elke kwartaal is 'n assesseringsverslag/rapport aan elke leerder uitgereik met kommentaar oor die kind se algemene vlak van prestasie in elke onderafdeling.

10.4 Senior fase (graad 7 - 9)

Die Senior Fase bestaan uit Graad 7, 8 en 9. In hierdie fase word leerders blootgestel aan 'n wye verskeidenheid vakke om hul vakkeuses in Graad 10 te vergemaklik.

**Vakkeuses vir Graad 7 tot 9 vir 2023:**

Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Sosiale Wetenskappe
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Tegnologie
Skeppende Kunste
Lewensoriëntering

Ons beplan om Landboustudies en Verbruikerstudie vir Graad 8 en 9 in 2024 te implementeer in die plek van Tegnologie en Skeppende Kunste.

10.5 VOO-fase (graad 10 - 12)

Hoërskool Porterville handhaaf steeds 'n baie hoë standaard op akademiese gebied. Hoërskool Porterville spog met 'n uitgebreide vakkeuse en kundige onderwysers wat leerders toegang gee tot 'n groot verskeidenheid beroepskeuses. Ons is veral trots op die belangstelling en vooruitgang in die Landbouvakke wat groot aanhang geniet.

Die huidige vakkeuse is soos volg:

Afrikaans Huistaal
Engels Addisionele Taal
Geografie
Besigheidstudies
Lewenswetenskappe
Verbruikerstudie
Fisiese Wetenskappe
Rekenaartoepassingstegnologie
Rekeningkunde
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Wiskunde
Wiskundige Geletterdheid
Lewensoriëntering
Toerisme
Landboubestuurspraktyk
Landboutegnologie

10.6 Remediërende onderrig

Leerders in die Grondslagfase en Intermediêre fase (Graad 2 - 6) wie se skoolwerk tydelike uitvalle toon, besoek daagliks die leerondersteuningsklas waar dié leerders óf individueel óf in klein groepsverband ondersteuning ontvang totdat sodanige probleem opgelos is.

Enige ander leerders, wat in 'n spesifieke leerprogram, gesyferdheid of geletterdheid, ondersteuning benodig, kry ook daagliks ondersteuning in dié verband. Groot suksesse word so behaal en HSP is regtig bevoorreg om so 'n diens te kan aanbied.

Leerondersteuning word aanbeveel vir leerders wanneer daar spesifieke leemtes of agterstande in hul werk na vore kom.

So 'n leerder word dan by kwartaallikse puntebesprekings vir leerondersteuning aanbeveel.
Wanneer daar by die klasonderwyser onsekerhede is oor 'n leemte of agterstand wat by die leerder voorkom, kan die leerderondersteunings-onderwyser aanbeveel dat die leerder getoets word.

Om te sorg dat elke leerder optimale, individuele hulp en onderrig ontvang, beveel ons dikwels die volgende toetse aan:  gehoortoetse, oogtoetse, leestoetse en sielkundige toetse na aanleiding van die leerder se probleem. Die SGOS (Skool Gebaseerde Ondersteuning Span) verwys leerders na die DGOS (Distrik Gebaseerde Ondersteuning Span) vir sielkundige/maatskaplike kwessies. So word verseker dat elke leerder se individuele probleem of agterstand aangespreek word.

Leerders kan gedurende die skooldag of na skool, op vasgestelde tye, hulp ontvang. Daar word gedurende die jaar noue kontak met ouers behou sodat hulle op hoogte is van hulle kind se vordering. Daar geskied ook noue samewerking met die klasonderwysers sodat elke leerder gedurigdeur gemonitor kan word om sukses te verseker.

Intervensie vind op 'n gereelde basis met leerders van graad 7 - 12 plaas.

11. <u>NIE-EKSAMENVAKKE</u>

11.1 <u>Vcsv en KIX</u>

Daar word elke Woensdagoggend na register (1ste periode) vir die graad 1–12 leerders vyf-en-veertig minute lank VCSV (Hoërskool) en KIX (Laerskool) aangebied.  Dit word aangebied deur ouers van leerders en geestelike leiers uit die gemeenskap.

11.2 <u>Musiek</u>

As gevolg van verskeie omstandighede was daar ongelukkig geen musiek vir hierdie jaar aangebied nie.  Ons is in die proses om 'n aanstelling vir 2023 te maak.

11.3 <u>Koor</u>

HSP se eerste Sêrgroep (mini-koor) is verkies o.l.v. Me Ninien Breytenbach. Die groep het gesing by 'n informele Interskole sêrgeleentheid en sal in 2023 deelneem aan die Interskole kultuur. Die groep het ook hulp ontvang van Mnr. Jade Paige van Klein Boishaai. Ons beoog om by meer geleenthede te sing in 2023.

11.4 <u>Beroepsvoorligting</u>

Daar word moeite gedoen om ons kinders bloot te stel aan inligting i.v.m. beroepskeuses en studierigtings. Hier word veral gefokus op die graad 12 leerders wat dan ook nou op die vooraand staan van hul keuses vir 2023.

'n Groot hoeveelheid van die naskoolse inrigtings en instansies is deurentyd met die skool in kontak, en alle inligting word aan die leerders deurgegee.

Alle graad 11-leerders ontvang jaarliks beroepsvoorligting. Mnr Hambly Matthews, Opvoedkundige Sielkundige in samewerking met US, toets die leerders deur middel van ‘n elektroniese Psigometriese Assesseringsprogram. Elkeen ontvang ook ‘n skriftelike verslag. Leerders ontvang hierdie diens gratis, aangesien die skool daarvoor betaal. Die Gr. 9 leerders word ook getoets t.o.v. vakkeuses vir graad 10.

11.5 Rekenaarsentrum

Die rekenaarsentrum is in volle werking. Twee servers is vervang hoofsaaklik Backup 1 en Backup 2.

Die voormalige ADSL lyn is vervang met n Fibre pakket wat verskaf is deur Herotel, algehele verbetering in spoed en ‘n meer vertroubare en konstante spoed wat vir die leerders meer geleentheid gee vir navorsing en taakgebaseerde assesserings. ‘n Gesofistikeerde moniteringstelsel wat hanteer word deur Mnr Braam Theron wat terugvoer gee aan Mnr Dewald van Deventer,is ook in gebruik om opvoeders in staat te stel om op enige stadium te sien waar en wanneer leerders op die Internet was.

Geen tegniese probleme was enigesins ‘n kwessie in die rekenaarlokale. Die rekenaarlokale is steeds opverdeel in twee. Rekenaarlokaal word steeds daaglikse gebruik vir Gr.3 tot 9 Rekenaargeletterdheid. Dit sluit ook in namiddag klasse en navorsingsgeleenthede vir die koshuisleerders.

## 12. VAKVERWANTE BEDRYWIGHEDE EN VERENIGINGS

12.1 Algemene Kennis

Daar is vanjaar Algemene Kennis toetse geskryf en ons het deelgeneem aan die Interskole Algemene Kennis teen Hoërskool Piketberg, waar ons Hoërskoolspan as oorwinnaars weggestap het.

12.2 Entrepreneurskap

Die Entrepreneurskapsinisiatief word gedryf deur die Hoërskool VRL. Leerders kry geleentheid om as entrepreneurs op te tree. Leerders kan kwartaalliks ‘n lisensie koop om lid te word van die entrepreneursklub. Slegs entrepeneurs kry geleentheid om tydens pouses op die skoolgronde handel te dryf vir eie gewin. Daar word ook van tyd tot tyd entrepreneursdae by die skool gehou.

12.3 Noodhulp

Ons het hierdie jaar 3 leerders, asook 3 personeellede opgelei in Vlak 1 Noodhulp. Vlak 3 opleiding word beplan na die November eksamen.

12.4 Skoolkoerant

Daar is een uitgawe uitgegee van die KONTAK en ‘n nuwe redaksie vir 2022/23 word in kwartaal 4 gekies.

13. ONDERSTEUNINGSDIENSTE

'n Opregte woord van dank aan alle amptenare van die WKOD wat deur die jaar ondersteuning gebied het. Ons wil in die besonder vir Me Gaika bedank vir haar leiding en ondersteuning. Ons wil ook die span kurrikulumadviseurs vir hulle besoeke en kursusse wat aangebied is, asook vir me. Van Ster se waardevolle leiding as Direkteur van die OBOS bedank.

Opvoedkundige Sielkundige Dienste

Mnr Wimpie Nell is tans Weskus Distrik se Hoof Opvoedkundige Sielkundige. Me. Carina Maré is tans Weskus Distrik se Opvoedkundige Sielkundige. Mev. Andolene Somers is tans Weskus Distrik se Maatskaplike Werker.

Aangesien die sielkundige dienste van die onderwysdepartement oor 'n baie groot gebied strek, kan hulle nie volledig voorsien in die nood van elke skool nie. Daarom maak ons ook gebruik van privaat sielkundige dienste soos byvoorbeeld Mnr. Hendri Viljoen (Geregistreerde Sielkundige).

Hy beskik oor bewese ervaring ten opsigte van psigoterapie, psigometriese evaluasies, trauma ontlonting, huweliksterapie, beroepsleiding, groepsterapie en konsultering in multi-dissiplinêre spanverband. Hy bied ook werkswinkels aan wat fokus op spanwerk, sowel as leierskapontwikkeling.

Daar is ook ander privaat instansies wat gebruik kan word vir die verskeie toetse of dienste wat benodig word. Daar is 'n netwerklys van naby geleë privaat instansies saamgestel deur die SGOS Koördineerder.

14. ATLETIEK

Die drie huise is Huis Bastiaanse, Huis McClean en Huis Pienaar.

Die Kaptein/e en dirigente van die onderskeie huise was as volg:

Huis Bastiaanse

| | | |
|---|---|---|
| Kaptein | : | Mondré Allies |
| Kapteine | : | Mitchell Chivenga |
| Dirigente | : | Dré-Rogan Floris, Anneri du Plessis, Chloé Daniels |

Huis Pienaar

| | | |
|---|---|---|
| Kaptein | : | Bladen Snyman |
| Kapteine | : | Stefanie van der Merwe |
| Dirigente | : | Brent Scheepers, Anri van der Merwe, Caryn Witbooi |

Huis McClean

| | | |
|---|---|---|
| Kaptein | : | Dale Kordom |
| Kapteine | : | Christine Loubser |
| Dirigente | : | Daniël Knoetzen, Brent Hendricks, Dané Kellerman |

Die volgende rekords is verbeter:

Een rekord is ge-ewenaar:

| | | |
|---|---|---|
| So/10 Fillip Kleynhaus | Hoogspring | 1.16m |

Drie rekords is verbeter:

| | | |
|---|---|---|
| So/11 Cesario Ruiters | Verspring | 4,10m |
| So/14 Kyle Joubert | 100mHek | 16.06s |
| So/19 Mondré Allies | Hoogspring | 1.85m |

Die volgende leerders is aangewys as bekerwenners:

| **Dogters** | **Ouderdom** | **Seuns** |
|---|---|---|
| Elizabeth Jordaan | o/10 | Phillip Kleynhaus |
| Mieke Kriel | o/11 | Cesario Ruiters |
| Marlah Sass | o/12 | Waroena Modise |
| Cassidy Smidt | o/13 | Caleb West |
| Hanne Sass | o/14 | Kyle Joubert |
| Donlynn Farao | o/15 | Veshaylin Basdeo |
| Marique van den Meulen | o/17 | Enslin Claasen |
| Mitchell Chivenga | o/19 | Dré-Rogan Floris |

| | |
|---|---|
| Junior Victrix Laudorum: | Marlah Sass |
| Junior Victor Laudorum: | Caleb West |
| | |
| Senior Victrix Laudorum: | Hanne Sass<br>Marique van den Meulen |
| Senior Victor Laudorum: | Enslin Claasen |
| | |
| Geesbeker wenner: | McLean |
| | |
| Puntestand : | 3de: Bastiaanse 844<br>2de: McLean 1120<br>1ste: Pienaar 1126 |
| | |
| Atletiekskild wenner: | Pienaar |

14.1 <u>Wes-Boland Atletiek</u>

Die volgende leerders het die Wes-Boland Span verteenwoordig:

In die L/S Span is opgeneem:

| | | |
|---|---|---|
| O/10 | Fillip Kleynhaus | Hoogspring |
| O/11 | Cesario Ruiters | 80m, 100m en Verspring |
| | Rudolf Liebenberg | Gewigstoot |
| O/12 | Warona Modise | Hoogspring, Spiesgooi |
| O/13 | Miané Erasmus | Spiesgooi |
| | Jozua Jordaan | Diskusgooi |
| | Caleb West | 80mH |

In die H/S Span is opgeneem:

| | | |
|---|---|---|
| SO/14 | Essien Muller | 200m, 400m, 300mH |
| | Kyle Joubert | 100mH, 300mH |
| DO/15 | Amanda Carstens | Dg, Sg |
| SO/15 | Jean Nagel | Gs |
| | Tyrone Mbula | Dg |
| | Veshaylin Basdeo | 300mH |
| DO/17 | Marique van der Meulen | 100mH, Vs, Ds |
| | Anja Cruywagen | Dg |
| SO/17 | Lewellyn Fransman | 400mH |
| | Brendon September | 100m, 200m |
| | Enslin Claasen | 200m, Gs |
| DO/19 | Mitchell Chivenga | Dg, Gs |
| SO/19 | Mondre Allies | Hs |

14.2 <u>Boland span</u>

In die L/S Span is opgneem:

| | | |
|---|---|---|
| SO/11 | Cesario Ruiters | Verspring |

In die H/S Span is opgneem:

| | | |
|---|---|---|
| SO/14 | Essien Muller | 400m |
| DO/19 | Mitchell Chivenga | Gewigstoot, Diskusgooi |
| SO/19 | Mondré Allies | Hoogspring |

14.3 <u>Wes-Kaap kampioenskappe</u>:

Uitslae van die byeenkoms:

Laerskool:

So/11 Cesario Ruiters Verspring 5de 4,38m 615(APE-punt)

Hoërskool:

Do/19 Mitchell Chivenga Diskusgooi 2de 26.83m 655 (APE punt)

So/19 Mondré Allies Hoogspring 2de 1,90m 710 (APE punt)

14.4 <u>Interskole Atletiek</u>

Die atlete van Hoërskool & Laerskool Dirkie Uys, Hoërskool Hopefield, Hoërskool Piketberg en Hoërskool Porterville het pragtig presteer te midde van 'n uiters vol en veeleisende kwartaalprogram.

Ouderdomsgroepe: O/9, O/11, O13, O/15, O/17 en O/19 het deelgeneem.

| | Dirkie Uys | Hopefield | Piketberg | Porterville |
|---|---|---|---|---|
| LS Dogters | | 134 | 170 | 103 |
| LS Seuns | | 123 | 97 | 174 |
| HS Dogters | 155 | 315 | 108 | 140 |
| HS Seuns | 116 | 243 | 157 | 245 |
| **Totaal** | **271** | **815** | **532** | **662** |

15. KRIEKET

Weskus-Suid
0/15
Clyde Daars
Heinrich redelinghuys
Jadewin le Fleur

O/12
Braam Theron

Wes-Boland
O/17
Juandrie Brand

16. TENNIS

O/11A Boland Cavaliers
Edrich Redelinghuys

O/11B Boland Cavaliers
Schalk Theron
Ané van Wyk

O/12A Boland Cavaliers
Braam Theron

O/19 Weskus-Suid
Llewellyn Fransman

17. SWEM

Die skool swemspan het aan die volgende uitnodigingsgala's deelgeneem tydens die 2021/2022 swemseisoen:

- Hoërskool Hopefield
- Laerskool Olifantsvallei

- Laerskool Vredenburg
- Hoërskool Porterville se eie uitnodigingsgala

Ons stap weg met 'n totaal van 17 brons medaljes, agt silwer medaljes en 26 goue medaljes.

- Uitnodigingsgala 2022

Die jaarlikse uitnodigingsgala vind plaas 1 November 2022. Ons sien uit vir die uitslae.

18. Skaak

Daron Maroem, Linrique Maison en Corne Janse van Rensburg het deelgeneem in Vredendal vir toelating tot Boland se skaakspan. Ons het goeie resultate behaal met Corne Janse van Rensburg en Daron Maroem wat albei 2 uit 3 wedstryde gewen het. Daron Maroem het 'n rangposisie gekry in Boland van 15de.

Ons het ook in Tulbagh deelgeneem teen Hoërskool Tulbagh, Charlie Hofmeyer, Steynville en ander skole. HSP behaal n algehele eerste plek met n totaal van 10.5 punte. Tim Solomon en Daron Maroem het elkeen al hulle wedstryde gewen.

Augustusmaand het ons skaakspan deelgeneem aan Hoërskool Tulbagh skaaktoernooi. Ons behaal 'n algehele 1ste plek by die toernooi.

19. Top 10 Netbalgroep

Die volgende leerders is verkies tot die Top 10 Netbalgroep:

In Alfabetiese orde:
Mitchell Chivenga
Leandri du Plessis
Jacolene du Toit
Donlynn Farao
Lenay Jacobs
Dané Kellerman
Tamryn-Leigh Neethling
Carli Perold
Casey Primus
Stefanie van der Merwe

Weskus Netbalproewe
Die volgende leerders is in hul onderskeie spanne verkies:

O/18
Dané Kellerman
Caryn Witbooi
Terri-Ann Carney

O/17
Carli Perold
Jacolene du Toit
Leandri du Plessis
Lenay Jacobs
Stefanie van der Merwe

O/16
Casey Primus
Carleah Williams
Renshé van Rhyn

O/15
Donlynn Farao
Katelynne Cloete
Kayde Pedro

O/14
Chloé Jochims
Hanné Sass
Jeneille Swarts

Weskus Distrikspanne

O/14
Chloé Jochims

O/16
Renshé van Rhyn

O/17
Stefanie van der Merwe

Wes-Kaap Oaks Netbalspan

O/16
Casey Primus

20. RUGBY

Boland O/13A Cravenweekspan
Zinric Josephus

Boland O/12B
Lyle Pieters

Boland O/18 Cravenweekspan
Ricky Lesch
Enslin Claasen
Brendon September

Akademiespan
Daniël Knoetzen
Dylan Sass

Boland XV-Tal
Jandro Phuthego

Boland O/20
Waydon Baadjies

Platteland O/12
Platteland A:
Braam Theron
Lyle Pieters
Shantayo Daniëls
Warona Modise

Platteland B:
Caden Matheyse
Callie Steenkamp

Wes-Boland O/12
Lyle Pieters
Warona Modise
Braam Theron

Platteland O/13 Sewesspan
Platteland A
Caleb West

Platteland B
Lyle Pieters

Boland O/18 Sewesspan
Jandro Phuthego
Brendon September
Silwer medalje by Nasionale toernooi.

Witzenberg Rugbyspanne
Die volgende spelers is in die O/16 en O/19 Witzenberg Rugbyspanne opgeneem:

O/16
Arno Kirsten
Llewellyn Fransman
Wilfred Maarman

O/19
Ricky Lesch
Dylan Sass
Eduan Fourie
Kyle Steenkamp
Jandro Phuthego
Enslin Claasen
Daniël Knoetzen
Brandon September
JP Louw

21. Interskole 2022
Wat 'n onvergeetlike interskole! Hoërskool Porterville wen die algehele beker teen Piketberg Hoërskool. Uitslae:
1ste Netbal verloor 20 -23
1ste Rugby wen 37-7
O/13A Rugby wen 60 – 0
O/13A Netbal verloor 10 – 15

22. KATEGORIE B SPORT AKTIWITEITE

- Gimnastiek

O/11 Wes-Kaap vlak 4
Ané van Wyk
Mieke Kriel

O/11 Nasionale Gimnastiek Kampioenskappe
Mieke Kriel beklee tans nasionaal 18de posisie op balk.

- Perdry

Marinette van Wyk WP span vir 3-Gang Ruiterkuns.

SA Vlaam Nasionale kampioenskappe
Riana Valentine het die volgende uitslae behaal:

| | |
|---|---|
| Dubbeltuig karretjie | 4de |
| O/12 stap-draf | 2de |
| O/18 stap-draf | 3de |

- Western Cape Aquatics Swem Kampionskappe

Luan Basson het Februarie vanjaar deelgeneem aan die Western Cape Aquatics B-kampioenskappe. By die swemgala neem die swemmers regoor die provinsie teen mekaar deel. Luan het persoonlike beste tye geswem, asook drie medaljes verower: 'n silwer madalje in die 200m Borsslag, 'n silwer medalje in die 100m Borsslag en 'n brons medalje in die 100m Vryslag.

- SA Level 3 Regional Age Group swem-kampioenskappe

Luan Basson het Maart vanjaar deelgeneem aan die SA Level 3 Regional Age Group swem-kampioenskappe, waar swemmers regoor die land teen mekaar kompeteer in hul verskeie ouerdomme. Luan het persoonlike beste tye geswem in vier van die ses items waarin hy deelgeneem het.

- Gholf

Shaun-lee Don, Graad 6 is verkies tot die O/13 Boland gholfspan.

- Karate

WSKF Nasionale Kampioenskappe
Die kampioenskappe het plaasgevind op Saterdag, 1 Oktober 2022 te Vanderbijlpark met die volgende prestasies:

Gerhard Roux
Afdeling: 8-9 jaar Blou-Rooi belt
1ste plek: Kata
Afdeling: 8-9 jaar Blou-Pers belt
2de plek: Kumite

Alana Munnik
Afdeling: 9 jaar Oranje-Groen belt
3de plek: Kumite

Tim Solomons
Afdeling: 14-16 jaar Oranje-Groen belt
2de plek: Kata
2de plek: Kumite

- Rolbal

Die volgende leerders was verkies om Boland te verteenwoordig by die Nasionale Rolbalkampioenskappe.
Johanco Kayser (O/20A)
Evan Fourie (O/20B)

Eljana Kayser (O/20A)
Paula Viljoen (O/20B)
Jacques Kayser (O/15A)

- SA Cross-Country Kampioenskappe Nasionale XC reeks:

Willem Schalk van Wyk beklee tans Nasionaal die 5de posisie in die 85cc kategorie.

- Hengel

Arno Kirsten is verkies tot die WP Junior O/19A Varswater oewerhengelspan.

23. REDENAARS EN ALGEMENE KENNIS

Ons jaarlikse Algemene Kennis Vasvra en Redenaars Interskole kompetisie het plaasgevind op Woensdag 18 Mei 2022 te Porterville.

Ons deelnemers vir die aand was:

Algemene Kennis Vasvra Hoërskool:
Daniël Knoetzen
Anri van der Merwe
Christine Loubser
Amanda Carstens
JP Louw

Algemene Kennis Vasvra Laerskool:
Zeetah Afrika
Braam Theron
Jozua Jordaan
Izaak Truter
Megan Benn

Redenaars Hoërskool:
Robert Louw
Carla-Jane Langenhoven
Daniël Knoetzen

Redenaars Laerskool:
Jakobus Visagie
Necȧ Damon
Jozua Jordaan

Shilah Bailey het by die geleentheid "Oh the places you'll go" deur Dr. Seuss voorgedra. Die spanne wat die aand gewen het was:
LS Redenaars, HS Algemene Kennis, HS Redenaars.

24. “CAPPING-AAND”

LS en HS CAPPING & BIG BRAG

Ons het hierdie jaar met ‘n nuwe tradisie begin. Daar was vir die Laerskool en vir die Hoërskool ‘n Capping en ‘n Big Brag geleentheid op verskillende aande.

Tydens die Laerskool geleentheid is alle leerders wat tydens Interskole gespeel het aan die ouers bekendgestel. Die Laerskool eerste spanne van die rugby en die netbal is ook by die geleentheid ge-cap.

Tydens die Hoërskool geleentheid is alle leerders wat tydens Interskole gespeel het aan die ouers bekendgestel. Die Hoërskool eerste spanne van die rugby en die netbal is ook by die geleentheid ge-cap.

Die gesamentlike Big Brag saam met PHS het nie plaasgevind nie. ‘n HSP Big Brag is die Vrydag voor Interskole gehou waar die hele skool teenwoordig was.

25. KULTUUR

25.1 Eisteddfod

Wes-Boland Eisteddfod 2022
Hoërskool Porterville se leerders het pragtig presteer by die jaarlikse Wes-Boland Eisteddfod. Hierdie Eisteddfod bied 'n wye verskeidenheid items om aan deel te neem en ons leerders, van Graad 1-12, het ons naam hoog gehou!Ons presteer as volg:

104 leerders deelgeneem aan 'n totaal van 142 items
- 9 Pryswenners
- 35 Cum Laude
- 53 Goud
- 36 Silwer
- 18 Brons

Pryswenners:
Hoërskool:
Pieter Esterhuizen: Sang met Elektroniese Begeleiding (16 jaar)
Carla-Jane Langenhoven: Keyboard Solo (Gr. 8-12)
Paula Viljoen: Letterkunde (Gr. 10)

Laerskool:
Juliette Myburgh: Voordrag (Graad 2)
Lian Verster: Unprepared Reading (Grade 4)
Jandri van Zyl: Sang met klavierbegeleiding (11 jaar)
Braam Theron: Klassieke Klaviersolo (Gr.6 en 7) ASOOK Letterkunde(Gr. 6)
Isabella Kok: Sang met Elektroniese Begeleiding (13 jaar)

## 26. KAMPE, UITSTAPPIES & BESOEKE 2022

Hartenbos Rugby Toer
Gedurende die Junie/Julie vakansie het die O/19A rugbyspanne getoer na Hartenbos.

Drama Kamp
Mnr. Jacques van Reenen het twee keer hierdie jaar gaan kamp met sy drama leerders. Eerste kamp was 19 tot 20 Maart te Peace of Africa hier in Porterville. Die Tweede kamp was 15 tot 17 Julie te Koningskop, Citrusdal.

Graad 12 Kunstekaap uitstappie
Ons Graad 12's het op Vrydag, 29 Julie 2022, 'n verhoogstuk van hul voorgeskrewe drama, Krismis van Map Jacobs, gaan kyk. Dit was 'n lekker en leersame ervaring!

Nampo Kaap uitstappie
HSP se Graad 10 landbouleerders het 14 September 2022 die voorreg gehad om die NAMPO Kaap Expo te Bredasdorp by te woon. Dit was 'n belewenis om al die nuuste implemente en tegnologie te sien. Ons leerders het die skoleprogram baie geniet.

VRL Opleidingskamp 2022/2023
Die nuutverkose Hoërskool VRL se jaarlikse leierskap opleidingskamp het die 16de tot die 18de September 2022 plaasgevind by die VSCV-Waterval terrein te Tulbagh.

Die kamp was aangebied deur die opgeleide instrukteur, Braam de Beer van BASE Adventures. Die leerders het verskeie aktiwiteite gedoen wat by gedra het tot die ontwikkeling van hul leiereienskappe. Die VRL van 2022/2023 het daardie naweek saam besluit dat hul visie vir die termyn as volg is: Geesbou met morele waardes.

En met dit, sien ons uit hoe hulle as die leiers van die skool 'n bydrae gaan lewer om HSP altyd op die voorpunt te hou.

Soos Cinderella dramaproduksie
Donderdag, 13 Oktober en Vrydag 14 Oktober het ons onder leiding van Mnr. Jaques van Reenen 'n uiters suksesvolle dramaproduksie aangebied.

HSP Sêrgroep
Hierdie jaar het ons begin met ons eerste Sêrgroep onder leiding van Juf. Ninien Breytenbach. Die groep bestaan uit seuns en dogters vanaf graad 8 tot 12.

Graad 7 Suid-Kaap Toer
Die graad 7 opvoedkundige toer word beplan 27 November 2022 tot 2 Desember 2022. Tydens hierdie toer besoek die graad 7's verskeie museums en besienswaardighede wat op toepassing van hul Kurrikulum is.

MATRIEKAFSKEID
Die graad 11's het onder leiding van Me. Elmarie Breytenbach, Me. Ninien Breytenbach en Mnr. Jacques van Reenen die Matriekafskeid van 2 September 2022, georganiseer.

Die tema was "Mexican (Matriek) Fiesta". Die saal het asemrowend gelyk en die graad 12's se pragtige skeppings het swier aan die aand verleen. Baie dankie aan almal wat gehelp het om van hierdie aand 'n sukses te maak.

27. DONATEURS
Ons opregte dank aan al ons donateurs en borge wat gedurende die jaar bydraes gemaak het. Sonder u ondersteuning sou dit nie moontlik wees om kwaliteit onderrig en opvoeding aan ons leerders te bied nie. Dankie dat u in Hoërskool Porterville en in die opvoeding van ons kinders belê.

28. AFSLUITING
Hiermee bedank ek alle betrokkenes wat 'n bydrae gelewer het om van die jaar 2022 nog 'n besondere jaar in die geskiedenis van Hoërskool Porterville te maak. Dankie ook aan elke leerder wat met sy of haar optrede binne of buite die skool 'n bydrae gemaak het om ons skool se naam uit te bou en hoog te hou.

Personeel, ouers en inwoners van Porterville: hierdie is ons skool en daarom moet elk van ons onsself gedurig afvra wat elk van ons se rol en bydrae is om HSP 'n skool van uitnemendheid te laat gedy.

Hiermee saam besef en aanvaar HSP sy verantwoordelikheid teenoor Porterville-gemeenskap tot uitbouing van ‘n beter samelewing.

Mag ons vervul word met Christus se LIEFDE sodat ons dit met woord en daad kan demonstreer aan mekaar sodat ons optrede gekenmerk sal word deur diens.

Dit is ‘n voorreg om deel te wees van Hoërskool Porterville - ‘n baie besonderse skool.

JJ Louw
**SKOOLHOOF**